Boran, Die Pad vorentoe

Laat ons erken die wittebrood dae vir die Boran Ras is verby. Dit het bestaan uit die vermeerdering van die ras deur invoere, opgradering van bestaande rasse deur die hulp- stamboek en dan natuurlik embryo spoeling. Dit is baie suksesvol gedoen en baie geld het gevloei soos telers van mekaar se beeste gekoop het om 'n stoet op te bou.

Die klem verskuiwing van teling van Borane sal nou egter moet verskuif van die beste maniere om die ras te **vermeerder** na die beste seleksie metodes om die ras te **verbeter** sodat hy sy plek kan volstaan tussen Suid Afrika se uitstekende bees rasse. **Kan die Boran dit regkry? Verseker**! Immers het ons die voordeel van byna 1300 jaar se aanpassing in Afrika met al sy uitdagings van siektes en uiterste weer patrone en verskille in temperatuur en weidings gehalte. Die Boran is al natuurlik aangepas en moet ons **net bly selekteer om nie die eienskappe te verloor nie.**

Wat die Boran nog nodig het om diè bees ras van Suid Afrika te word is om verder geselekteer te word vir wat ek graag noem sy "All-rounder" eienskappe vir beesvleis produksie. Om immers verder geld te maak uit kommersiële boerdery het 'n bees net vier eienskappe nodig en dit is; 'n kalf moet lewendig en lewenskragtig gebore word, moet genoeg melk kry om te kan groei, moet ook self die vermoë hê om goed te kan groei veral tot op speen, en dan natuurlik vrugbaar wees (vroeg kalf en gereeld kalf). Die wonder is dat baie Borane ook reeds al die eienskappe besit maar nou moet ons planne maak om te verseker dat die einskappe in perfekte balans in al ons Borane vasgeteel word om in groot gebiede die beste ras te wees.

Kom ons sê dit vir mekaar- **die Boran beesras se goue jare lê nog voor**, maar dan moet elke teler ons plan van aksie wat hierna volg deeglik bestudeer, dit verstaan en dan doelgerig daaraan begin deelneem. Ons nuwe katalogus is ook ontwerp om telers te help om reg te selekteer.

Ons kan dit doen!! Kom ons doen dit!!